

Die hospitaal- en inrigtingsdiens en die NA-lid

Baie lede van Narkotika Anoniem het al gevind dat die hospitaal- en inrigtingsdiens 'n belangrike deel van hul persoonlike herstel vorm. Ons lede, wat aktief deelneem aan die H&I-diens, is baie belangrike hulpbronne binne ons genootskap. Om toegewyd tot die H&I-diens te wees, is een van die vele maniere om betrokke te raak by die NA-diensstruktuur en om ons te help om deel van ons genootskap te voel.

Ons weet dat aktiewe verslawing tot tronke, inrigtings en die dood lei. Dit is ook die hoofdoel van NA om die boodskap van herstel aan die steeds lydende verslaafde oor te dra. Dit is dus nie verbasend dat die oordra van die NA-boodskap van herstel na hospitale en inrigtings een van ons prioriteite is nie. NA-lede het deurgaans hierdie oortuiging ondersteun deur oor die wêreld heen hospitaal- en inrigtingskomitees (H&I) komitees te stig.

Nogtans was sommige NA-lede huiwerig om by die H&I-diens betrokke te raak omdat hulle nog nooit opgesluit, gearresteer of geïnstitusionaliseer was nie. Deur ons persoonlike ervaring en behoorlike voorbereiding, is ons almal uniek gerat om die boodskap van herstel oor te dra.

Hierdie pamflet is bedoel om as 'n kort inleiding tot Narkotika Anoniem se H&I-diens te dien en om meer lede aan te moedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak om van diens te wees.

Wat is 'n H&I-vergadering?

Die doel van 'n H&I-vergadering is om die boodskap van herstel oor te dra aan verslaafdes wat nie volle toegang tot gereelde Narkotika Anoniem-vergaderings het nie. Verslaafdes wat H&I-vergaderings bywoon, buiten dié in langtermynfasiliteite, is veronderstel om

blootgestel te word aan die beginsels van die NA-program.

Om 'n duidelike begrip van 'n H&I-vergadering te verkry, is dit belangrik om meer oor ons diensstruktuur te leer. 'n H&I-vergadering is gewoonlik 'n diens wat deur 'n gebiedsdienskomitee se H&I-subkomitee gelewer word. Hierdie vergaderings vind in hospitale, behandelingsentrums, korrektywefasiliteite, en jeugsentrums plaas. Dit is van groot belang dat 'n H&I-vergadering altyd onder die leiding van 'n H&I-subkomitee gehou word, eerder as om 'n NA-groep te wees.

Hoe kan ek betrokke raak

'n H&I-subkomitee van 'n gebied dien as die middelpunt vir beplanning en organisering. Dit is die ideale plek om by te begin betrokke raak! Die eerste ding wat 'n mens moet doen, is om by 'n H&I-subkomiteevergadering van 'n gebied op te daag en 'n oriëntasiegeleentheid vir nuwe en belangstellende lede by te woon. Hierdie oriëntasievergaderings help om lede vertrouwd te maak met die inligting en skoonheidsvereistes vir diensposisies binne 'n H&I-subkomitee. By hierdie vergaderings word lede aangewys om ons boodskap tot in inrigtings oor te dra. Gewoonlik sal die volgende stap wees om 'n H&I-vergadering as 'n waarnemer by te woon. Deur hierdie proses kry lede 'n basiese begrip van H&I-diens en besluit hulle in watter mate hulle betrokke wil wees.

Hoekom raak ek betrokke?

Hospitaal- en inrigtingsdienste bied verslaafdes 'n geleentheid om dankbaarheid te betoon, hulle verantwoordelikheid na te kom en die NA-boodskap sonder verwagtinge te deel. Dit is ook 'n effektiewe hulpmiddel wat ons help om skoon te bly en aanhoudend terug te kom. Die H&I-boodskap is dieselfde

as die NA-boodskap: “Die boodskap is dat 'n verslaafde – enige verslaafde – kan ophou om dwelms te gebruik, die begeerte verloor om te gebruik en 'n nuwe manier van lewe kan vind.”* Die gawe wat ons deel is hoop en vryheid van aktiewe verslawing deur die program van Narkotika Anoniem. Enige NA-lid wat hierdie boodskap wil oordra, word aangemoedig om by die H&I-diens betrokke te raak. Daar is baie maniere om van diens te wees in Narkotika Anoniem, en baie van ons het die H&I-diens as die mees lonende deel van ons herstel gevind. Ons hoop dat hierdie pamflet jou sal aanmoedig om betrokke te raak by die H&I-diens en om self hierdie belonings te ervaar!

* Basiese Teks, *Narkotika Anoniem*



Narcotics Anonymous®
Narkotika Anoniem

IP Nr. 20-AF

Die hospitaal- en inrigtingsdiens en die NA-lid

Copyright © 2021 by
Narcotics Anonymous World Services, Inc.
Alle regte voorbehou

World Service Office
PO Box 9999
Van Nuys, CA 91409 USA
T 818.773.9999
F 818.700.0700
Website: www.na.org

World Service Office—CANADA
Mississauga, Ontario

World Service Office—EUROPE
Brussels, Belgium
T +32/2/646 6012

World Service Office—IRAN
Tehran, Iran
www.na-iran.org



Dit is 'n vertaling van literatuur wat deur die
NA-Genootskap goedgekeur is.

Narcotics Anonymous, , , , en The NA Way
is geregistreerde handelsmerke van
Narcotics Anonymous World Services, Incorporated.

ISBN 9781633803558 Afrikaans 6/21

WSO Catalog Item No. AF3120